Helderberg Babas

Baie dankie aan elkeen wat die afgelope weke produkte aan Helderberg Babas geskenk het. Dit word opreg waardeer en is 'n groot hulp. Hierdie is voorwaar 'n Omgee-gemeente vol omgeemense. Nogmaals dankie!
Tania Schultz.

BORG van die maand

Sonic Signs

82 Broadlands Street
JVR Business Park
Unit 12, Strand

Reinhold Liebenberg
083 55 66 9 33

Gebedsonderwerpe

- Hulpverlening en herstelwerk in die vloedgeteisterde gebiede in KZN. Bid dat die geld wat die regering bewillig doeltreffend aangewend sal word en nie weens korrupsie sal verdwyn nie.
- Plaaswerkers in die Wes-Kaap – bid vir goeie verhoudings met werkgewers en bid veral vir werk wat gedoen word om alkohol- en dwelmmisbruik te beveg.
- Bid vir oorlogslagoffers in Oekraïne en alle ander konflikgebiede oor die wêreld. Bid vir vrede en herstel.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

MEI se deurkollektes

01 Mei: Gemeentebediening
08 Mei: Projek 2022/23
15 Mei: Caritas
22 Mei: Sinode: Bediening vir die Dowes
26 Mei: Hemelvaartdag - Bybelgenootskap
29 Mei: Pinkster - Bybelgenootskap
30 Mei: Pinkster - Bybelgenootskap
31 Mei: Pinkster - Bybelgenootskap

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:



3. Kontantinbetalings & koeverte:
Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

1 Mei 2022

Oggenddiens 09:30

Baie welkom in ons erediens vanoggend. Ons is by die derde Sondag in Paastyd waartydens die leesrooster ons neem na Openbaring 5:11-14. Hierdie is as't ware die beskrywing van 'n hemelse erediens waarin die hele skepping die lof en eer toebring aan Hom wat waardig is om God se plan ten uitvoer te bring. Ek nooi jou dus om aan te sluit by hierdie lofbede.
Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees. **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die eredienstyd.

1 Mei – Geen meditatiewe diens

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender
Volgende geleentheid: 6 Mei 2022
Koffie 05:15 Gesprek 05:30
Ons behandel James Bryan Smith se **"The Good and beautiful God"**.

DIENENDE HANDE: PJP OGGEND (pannekoek, "jaffles" & poeding)

L.W.: Die PJP-oggend wat op die kerkkalender aangeteken is vir Vrydag, 29 April verskuif na:

Vrydag, 13 Mei 2022 10:00 – 12:00

Heerlike pannekoeke (R6), "jaffles" (R25) en poeding (R25), asook koffie/tee (R10), te koop.
Vooraf bestellings vir meer as 6 items: Julianne Bryson jbryson.ah@gmail.com / 082 598 9418.
Bestellings sluit Maandag, 9 Mei 2022 om 14:00.
Afhaal van bestellings: Vrydag, 13/5, 10:00-12:00, kerksaal.
Betaling: kontant, kredietkaart of Snapscan.

Voorbidding

- **Hans Otto,** sterk tuis aan na operasie.
- **Annelie Oosthuizen,** rug-operasie(s).
- **Issie Heigan**, herstel na beroerte.
- **Corrie Swanepoel**, behandeling.
- **Lynette Dobson,** gesondheidsprobleme.
- **Danie & Stephanie du Plessis,** herstel na operasie(s).
- **Buks van Zyl,** ongesteld na rugoperasie.
- **Chemie Prinsloo**, sterk tuis na hospitalisasie.
- **Elize Basson**, sterk tuis aan na operasie.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.
- **Johanna Grobbelaar,** gesondheidsprobleme.

Bybelstudie

Woensdae

Oggende (2-weekliks):
04 Mei 10:00 - Patmos
Aande (weekliks):
04 Mei 18:30 - Patmos

Gebedsgroep

Woensdae
Volgende geleentheid
04 Mei om 09:00 - kapel

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!